STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

**KENNISGEWING VAN KONSEP STELLENBOSCH MUNISIPALE BELEID OP BEHUISINGSTOEWYSING**

Kennis geskied hiermee dat Stellenbosch Munisipaliteit tans besig is om die Konsep Stellenbosch Munisipale Beleid op Behuisingstoewysing ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels 2000 (Wet 32 van 2000) en die Nasionale Behuisingskode, 2009 te finaliseer.

Die Raad van Stellenbosch Munisipaliteit gee hiermee kennis dat die Konsep Stellenbosch Munisipale Beleid op Behuisingstoewysing nou voorberei en vir publieke insae en kommentaar beskikbaar is. Belanghebbende en geaffekteerde partye word hiermee uitgenooi om kommentaar op die Konsep Stellenbosch Munisipale Beleid op Behuisingstoewysing binne die 90 dae kommentaartydperk in te dien ***(die statutêre 60 dae kommentaartydperk is tot 90 dae verleng om vir die resesperiode van die Raad tussen 15 Desember 2019 and 15 Januarie 2020 voorsiening te maak)***.

Kommentaar moet skriftelik aan die Bestuurder : Behuisingsadministrasie, Me Rotanda Swartbooi, by Behuisingsadministrasie, Posbus 17, Stellenbosch, 7599 of per e-pos aan rotanda.swartbooi@stellenbosch.gov.za op of voor **17 Februarie 2020** gerig word**.**

Die Konsep Beleidsdokument is ter besigtiging by die volgende plekke beskikbaar:

- Stellenbosch Munisipaliteit webtuiste
- Stellenbosch Biblioteek
- Franschhoek Biblioteek
- Pniel Biblioteek
- Cloetesville Biblioteek
- Idas Vallei Biblioteek
- Kayamandi Biblioteek
- Klapmuts Biblioteek
- Jamestown Biblioteek
- Behuisingsadministrasiekantoor in Drukkerslaan, Stellenbosch

| | | |
|---|---|---|
| Kontakpersoon | : | Me Rotanda Swartbooi |
| Tel | : | (021) 808-8757 |
| E-pos | : | rotanda.swartbooi@stellenbosch.gov.za |

**MUNISIPALE BESTUURDER**
**STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT**
**(Munisipale Kennisgewing 26/19)**